PAUL ROOS
GIMNASIUM – GYMNASIUM

KOSHUISDISSIPLINEBELEID

INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING ERROR! BOOKMARK NOT DEFINED.

2. OPSOMMING ERROR! BOOKMARK NOT DEFINED.

3. SKENDINGS ERROR! BOOKMARK NOT DEFINED.

4. REAKSIE OF OPTREDE **8**

5. PROSEDURE TYDENS DISSIPLINÊRE VERHOOR ERROR! BOOKMARK NOT DEFINED.

6. DIE INTERNE APPÈLPROSES ERROR! BOOKMARK NOT DEFINED.

7. AANVAARDING ERROR! BOOKMARK NOT DEFINED.

8. MATRIKS VIR KENNIS VAN DISSIPLINÊRE VERHOOR ERROR! BOOKMARK NOT DEFINED.

1. INLEIDING

Die skool beskou een van die sinvolste vorms van dissipline dié dissiplinêre aksie wat die leerder/kosganger oor homself bring. Hierdie beleid ten opsigte van koshuisdissipline is daarop gemik om elke kosganger bewus te maak van die waarde van selfbeheersing, van orde en van die noodsaaklikheid daarvan om ’n sin vir verantwoordelikheid vir sy eie gedrag aan te kweek, én vir die groter gemeenskap waarvan hy ’n deel uitmaak.

Hierdie dokument sit die kernbeginsels van die skoolkoshuise se dissiplinêre proses uiteen om seker te maak dat kosgangers (en hulle ouers of voogde) volledig ingelig is ten opsigte van wat van hulle verwag word en om regverdigheid te verseker, sou ’n dissiplinêre proses ’n noodsaaklik word.

Dissipline beïnvloed die leerproses, en wel om die volgende redes: dit skep ’n stresvrye omgewing waar tyd aan ’n verskeidenheid aktiwiteite afgestaan kan word; dit ondersteun beter beplanning deur middel van ’n vasgestelde daaglikse roetine; dit help vorm leerders se karakter en verhoog hulle motivering; dit bemagtig die stel van goeie voorbeelde en dra positief by tot akademiese sukses.

2. OPSOMMING

2.1 Die doel van die dissiplinêre proses is om seker te maak dat kosgangers hulle hou by die koshuisbeleid, wat deur elkeen van hulle ten tyde van hulle toelating tot die koshuis onderteken is.

2.2 Die rektor, die hoof van koshuise, koshuisvaders, assistente en huiskomitees (“HK’s”) beskik oor die gesag om straf- en korrektiewe maatreëls vir skendings van hierdie beleid af te dwing.

2.3 Daar is drie kategorieë van skending (skendingskategorieë):

2.3.1 Vlak 1-skendings kan deur die HK’s, assistente, koshuisvaders en/of die hoof van koshuise gehanteer word.

2.3.2 Vlak 2-skendings moet gehanteer word deur die hoof van koshuise en deur die koshuisvader van die koshuis wat aan die kosganger toegewys is.

2.3.3 Geen regsverteenwoordiging word ten opsigte van Vlak 1- en Vlak 2-skendings toegelaat nie.

2.3.4 Wanneer ’n oortreding ’n Vlak 3-skending is, moet dit na die rektor verwys word vir ’n besluit oor dissiplinêre aksie. Die rektor en die hoof van koshuise sal gesamentlik besluit oor watter vlak van dissiplinêre aksie toepaslik is. Na gelang van die erns van die oortreding, die reëlmaat van herhaalde wangedrag en die omstandighede, kan hulle moontlik besluit oor ’n ligter strafmaatreël, byvoorbeeld ’n intervensie deur ’n buite-berader of organisasie, ’n ontmoeting met ouers en ’n waarskuwingsbrief, ’n finale waarskuwingsbrief of ’n kort tydperk van skorsing. Indien die oortreding egter van ’n ernstige aard is, sal dit verwys word na ’n verhoor voor ’n dissiplinêre komitee wat bestaan uit minstens twee lede (wat ouers moet wees) van die koshuiskomitee, die rektor, die hoof van koshuise, die betrokke koshuisvader en, waar

moontlik, onder voorsitterskap van iemand wat ’n regskundige is (byvoorbeeld ’n advokaat of ’n prokureur). Ouers/Voogde sal betyds in kennis gestel word.

3. SKENDINGS

Die volgende is voorbeelde van skendings in hulle onderskeie skendingskategorieë. Dit is nie bedoel om ’n breedvoerige lys te wees nie:

VLAK 1	**VLAK 2**	**VLAK 3**
1.1. Rumoerigheid in die koshuis. Dit sluit in ’n buitensporige geskree of gillery.	2.1. Voortdurende of herhaalde Vlak 1-oortredings.	3.1. Voortdurende of herhaalde Vlak 2-oortredings.
1.2. Die speel van oorverdowende musiek wat steurend is vir andere, ingeslote bure van en besoekers aan die skool.	2.2. Onbeskoftheid of ’n oneerbiedige houding of optrede teenoor koshuispersoneel of teenoor enige gesagsfiguur.	3.2. Steel of diefstal van enige items, ingeslote kos en/of geld.
1.3. Onvanpaste taal/vloek in die koshuis of wanneer die koshuis verteenwoordig word.	2.3. Die opsetlike onakkurate invul van naweek- of vakansieplanne.	3.3. Vandalisme of moedswillige beskadiging van eiendom.
1.4. Slordige of onversorgde voorkoms. Dit sluit in versuim om aan die skool se skooldrag- of haarreëls te voldoen.	2.4. Herhaalde detensies by die skool met geen tekens van verbetering in optrede en/of houding nie.	3.4. Die besit of gebruik van en/of die verspreiding van verbode middels op skool- of koshuiseiendom. Dit sluit in, maar is nie beperk tot, sigarette, E-sigarette, alkohol en dwelms nie.
1.5. Onvanpaste eetsaaletiket. Dit sluit in onvanpaste drag en die gebruik van selfone.	2.5. Wangedrag tydens koshuisuitstappies of by enige geleentheid waartydens die koshuis verteenwoordig word.	3.5. Om onder die invloed te wees van alkohol of enige verdowingsmiddel/dwelm op die koshuisperseel, ongeag of die alkohol of verdowingsmiddel/dwelm op die koshuisperseel ingeneem is of nie.
1.6. Laatkom vir etes of studietyd sonder vooraf verlof van ’n koshuisvader of assistent aan diens.	2.6. Afwesigheid van studietyd en/of etes sonder vooraf verlof van ’n koshuisvader of assistent aan diens.	3.6. Dwelm- of alkoholmisbruik in enige konteks, selfs as die kosganger nie by die koshuis is ten tyde van die voorval nie.
1.7. Versuim om kos in yskaste weg te pak en/of versuim om die eetsaal op te ruim ná ’n laat ete.	2.7. Versuim om by die assistent aan diens aan te meld as gevolg van siekte wat afwesigheid van skool tot gevolg het.	3.7. Seksuele onwelvoeglikheid, naaktheid en seksuele verhoudings in die koshuis. Dit sluit in enige suggestie of aksie wat as onvanpas of opdringerig beskou kan word.
1.8. Om op ontoelaatbare tye in die eetsaal, opdienarea of kombuis te wees.	2.8. Die misbruik van posisie en voorregte as ’n senior.	3.8. Toegang tot, vertoon van, in die besit wees van of die verspreiding van pornografie of enige ander materiaal wat as onvanpas beskou word.

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3
1.9. Afwesigheid van die studiesaal of slaapkamer tydens studietyd, sonder verlof van die assistent of HK-lid aan diens.	2.9. Gebruik van elektriese toestelle in slaapkamers, byvoorbeeld: verwarmers; elektriese komberse; dompelaars; broodroosters; ketels en verlengkoorde.	3.9. Aanranding of handgemeen raak op die koshuisperseel, óf wanneer die koshuis verteenwoordig word, óf aggressiewe optrede wat ernstige beserings veroorsaak.
1.10. Gebruik van die gimnasium sonder verlof.	2.10. Gebruik van brandblussers, brandtrappe of -deure en enige ander veiligheidsmaatreëls in die koshuis vir iets wat nie ’n noodgeval is nie.	3.10. Toegang, sonder verlof, tot die koshuis deur enige persoon wat nie in die koshuis woon of werk nie. Dit verwys na dagskoliere, meisies of enige ander kennisse of vriende.
1.11. Studietyd: na musiek luister; slaap; sonder verlof van die assistent of HK-lid aan diens uit sitplek of lessenaar wees; gebruik van selfoon of ander elektroniese toestelle vir nie-akademiese doeleindes.	2.11. Beskadiging van koshuis-meublement, -toerusting of -toestelle. Dit sluit in graffiti op meubels of op mure.	3.11. Verspreiding van persoonlike chroniese medikasie aan ander kosgangers.
1.12. Netheid van kamer nie volgens standaard nie. Dit sluit in klere wat op die vloer rondlê, bed onopgemaak, rommel in die kamer.	2.12. Die aanhou van medikasie sonder vooraf verlof van die koshuisvader.	3.12. Stokkiesdraai of die koshuis verlaat sonder verlof van die koshuisvader of assistent aan diens.
1.13. Buite die slaapkamer na ligte-uit sonder verlof van die assistent of HK-lid aan diens.	2.13. Teenwoordigheid in areas wat buite perke is. Sodanige areas word van tyd tot tyd aan kosgangers gekommunikeer en sluit in die kleidam bokant Coetzenburg en die swembad sonder ’n personeellid aan diens. Kosgangers van een koshuis mag nie ’n ander koshuis besoek nie. Kosgangers mag ook nie die Spar na eerste studietyd besoek sonder verlof van die assistent aan diens nie.	3.13. Die koshuis in diskrediet bring deur optrede buite die koshuis.
1.14. Onvanpaste of onwrigtende optrede na ligte-uit. Dit sluit in gesels en die gebruik van selfone of elektroniese toestelle na ligte-uit.	2.14. Items van ander kosgangers sonder hulle toestemming “leen”.	3.14. Herhaalde uittarting, onbeskoftheid, brutale weiering om saam te werk of ongehoorsaamheid, met geen tekens van verbetering in optrede en/of houding nie.

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3
1.15. Teenwoordigheid in ’n ander koshuisganger se kamer of slaapsaal na ligte-uit of op ongemagtigde tye of sonder die verlof van die kamerbewoner of van ’n personeellid.	2.15. Herhaalde verbale belediging, óf die vernedering en verkleinering van andere.	3.15. Brandstigting of die gebruik van vuurwerke in die koshuis of op die skoolterrein.
1.16. Onvanpaste of onwrigtende gedrag tydens geskeduleerde koshuisroetines, byvoorbeeld etes, studietyd of studietydpouses.	2.16. Graad 8-teenwoordigheid op die Matriek-vloer of enige ander graad se vloer sonder verlof van die assistent aan diens.	3.16. Aksies wat die veiligheid van koshuispersoneel of van ander kosgangers bedreig.
1.17. Die aanlos van ligte of enige elektriese toestel wat aangeskakel is terwyl die kosganger nie in sy kamer is nie.		3.17. Boeliegedrag, hetsy fisies, verbaal of emosioneel, of enige vorm van intimidasie of treitering of ontgroening.
1.18. Versuim om die kamer as volg netjies te laat wanneer uitgeteken vir die naweek: bed opgemaak, vensters toe, ligte af en deur oop.		3.18 Kinders van ’n jonger graad stuur om met hulle eie geld kos of ander goed vir seuns van ’n hoër graad te koop.
1.19. Balspele binne die koshuis, buiten tafeltennis en *pool.*		
1.20. Versuim om uit te teken vir die naweek op ’n Woensdagaand of wanneer die kosganger om watter rede ook al huis toe gaan nadat verlof toegestaan is. Versuim om betyds terug te wees by die koshuis aan die begin van ’n kwartaal of na ’n naweek of ’n vakansie.		
1.21. Betreding van die koshuis op ongemagtigde tye sonder die vooraf verlof van ’n koshuisvader of assistent.		
1.22. Versuim om roetine-koshuisinstruksies te gehoorsaam, byvoorbeeld om nie te hou by kloktye nie.		
1.23. Versuim om elektroniese toestelle in ooreenstemming met die reëls in te lewer.		

4. REAKSIE OF OPTREDE

Die volgende is voorbeelde van reaksies of aksies na gelang van die skendingskategorie. Dit is nie bedoel om ’n breedvoerige lys te wees nie:

VLAK 1	**VLAK 2**	**VLAK 3**
Toegepas deur die HK’s, assistente, koshuisvaders of deur die hoof van koshuise. Ouers sal in kennis gestel word indien nodig. Strafmaatreëls kan insluit:	**Toegepas deur die koshuisvader in oorleg met die hoof van koshuise. Strafmaatreëls kan insluit:**	**Verwys na die rektor vir ’n besluit oor dissiplinêre aksie. Die rektor en die hoof van koshuise sal gesamentlik besluit oor watter vlak van dissiplinêre aksie van toepassing sou wees (byvoorbeeld ’n finale waarskuwingsbrief en skorsing). Die rektor beskik egter oor die prerogatief om ’n besluit te neem, óf om die saak te verwys na ’n verhoor in die teenwoordigheid van die dissiplinêre komitee soos vermeld in 2.3.4. Ouers sal in kennis gestel word. Strafmaatreëls kan insluit:**
1.1. Die uitskryf van ’n onderafdeling van die koshuisreëls of die skoolreëls of van koerantartikels of iets soorgelyks, van nie meer as 1000 woorde nie.	2.1. Enige Vlak 1-strafmaatreëls tesame met enige Vlak 2-strafmaatreëls.	3.1. Enige Vlak 2-strafmaatreëls tesame met enige Vlak 3-strafmaatreëls.
1.2. Gebruik van sekere fasiliteite verbode vir ’n bepaalde tydperk, byvoorbeeld die gimnasium.	2.2. ’n Afspraak met die dissiplinêre komitee soos daarna verwys in paragraaf 2.3.4 hierbo en strafmaatreëls soos bepaal deur die Komitee.	3.2. Onmiddellike skorsing hangende ’n dissiplinêre verhoor. Verhoor sal plaasvind so gou as relevante partye sodanige ontmoeting kan reël.
1.3. Studietyd onder spesiale toesig vir ’n bepaalde tydperk in volle uitstapdrag.	2.3. Waarskuwingsbrief.	3.3. Ouers kan kies om die koshuisganger uit die koshuis te onttrek. ’n Verhoor sal in so ’n geval nie plaasvind nie.
1.4. Ongemagtigde gebruik van selfone/elektroniese toestelle: • gekonfiskeer vir 2 dae vir die 1ste oortreding • gekonfiskeer vir 5 dae vir die 2de oortreding • gekonfiskeer vir 14 dae vir die 3de oortreding • 4 of meer geleenthede = Vlak 2-oortreding	2.4. Vir ’n bepaalde tydperk gehok.	3.4. Uitkoms van verhoor kan aanleiding gee tot skorsing vir so lank as die ekwivalent van ’n volle termyn (dit is ses weke), óf tot uitsetting uit die koshuis.

1.5. Gemeenskapsdiens in die koshuis vir ’n bepaalde tydperk,	2.5. Skorsing uit koshuis vir ’n tydperk van nie langer as 2	3.5. Indien die gedrag van die kosganger ernstige wangedrag

byvoorbeeld: • hulp met algemene skoonmaak- of instandhoudingsdienste; • kombuishulp voor en na etes.	weke nie.	behels, kan die saak by die PRG-Beheerliggaam aanhangig gemaak word vir ’n formele dissiplinêre verhoor, wat kan lei tot die aanbeveling van uitsetting uit Paul Roos Gimnasium, in ooreenstemming met die Dissiplinêre Beleid.
		3.6. In sake rakende die besit van verbode middels; onder die invloed wees van verbode middels (ingeslote dwelms of alkohol); die besit van gevaarlike voorwerpe (byvoorbeeld wapens) en/of diefstal, kan die saak by die PRG-Beheerliggaam gerapporteer word vir ’n formele dissiplinêre verhoor, wat kan lei tot ’n aanbeveling van uitsetting uit Paul Roos Gimnasium, in ooreenstemming met die Dissiplinêre Beleid.

5. PROSEDURE TYDENS DISSIPLINÊRE VERHOOR

5.1 Inwin van bewyse

5.1.2 Die betrokke koshuisvader of die hoof van koshuise voer onderhoude met die betrokke partye of getuies om die feite en relevante besonderhede te bepaal en kan vra dat kosgangers, opvoeders of volwassenes geskrewe verklarings uitreik.

5.1.2 As die koshuisvader of die hoof van koshuise enigsins by die ondersoek betrokke is, sal hy/hulle nie deel uitmaak van die dissiplinêre komitee nie.

5.2 Voor die verhoor

5.2.1 Ouers sal per selfoon of per telefoon deur die koshuisvader in kennis gestel word en ingelig word ten opsigte van die voorval of voorvalle.

5.2.2 ’n Geskrewe kennisgewing van die dissiplinêre verhoor sal aangestuur word, ingeslote besonderhede van die klagte.

5.2.3 Die kosganger kan uit die koshuis geskors word totdat die verhoor plaasvind, na gelang van die erns van die oortreding, en na ’n vlugtige voor-skorsingverhoor. Die kosganger kan, volgens die uitsluitlike diskresie van die rektor, geskors word hangende die uitkoms van die dissiplinêre verhoor.

5.2.4 Die kosganger mag deur sy ouers of deur ’n aangewese familieverteenwoordiger by die dissiplinêre verhoor vergesel word, óf die ouers kan kies dat die kosganger homself verteenwoordig. Die kosganger mag as alternatief die teenwoordigheid van ’n personeellid versoek om namens hom te praat.

5.2.5 Regsverteenwoordiging word slegs toegelaat indien beide partye daartoe ooreenkom.

5.2.6 Die voorsitter van die dissiplinêre komitee sal, waar moontlik, ’n regskundige wees (byvoorbeeld ’n advokaat of ’n prokureur met nie minder as tien jaar ervaring nie).

5.2.7 Die dissiplinêre komitee sal verseker dat die volgende minstens 48 uur voor die verhoor afgehandel is:

5.2.7.1 Die kosganger en sy ouer(s) of voog(de) ontvang ’n afskrif van hierdie dokument;

5.2.7.2 die kosganger en sy ouer(s) of voog(de) en die hoof van koshuise word voorsien van afskrifte van alle verklarings wat afgeneem sou kon word; en

5.2.7.3 ’n afskrif van die gedragskode word aan die kosganger en aan sy ouer(s) of voog(de) oorhandig.

5.3 Die verhoor

Die verhoor sal soos volg verloop:

5.3.1 Kosganger en ouers of verteenwoordiger word ingeroep.
5.3.2 Verseker dat ouers en/of verteenwoordiger en kosganger bewus is van die verhoor- en appélproses en van die relevante tydrame.
5.3.3 Verduidelik die klag of klagte aan die leerder.
5.3.4 Die rektor, die hoof van koshuise of die betrokke koshuisvader, of hulle aangewese verteenwoordiger maak die koshuis se saak aanhangig.
5.3.5 Die kosganger, ouers of verteenwoordiger kry geleentheid om te reageer.
5.3.6 Die voorsitter vat die aangeleentheid kortliks saam.
5.3.7 Ouers, verteenwoordiger of kosganger kry geleentheid om te reageer.
5.3.8 Die verhoor moet genotuleer of opgeneem word.
5.3.9 Die verhoor verdaag sodat die voorsitter ’n geskrewe beslissing in samewerking met ander lede van die dissiplinêre komitee kan voorberei.

5.4 Die uitkoms

5.4.1 Die rektor sal die ouers skriftelik van die uitkoms in kennis stel deur hulle te voorsien van ’n afskrif van die komitee se beslissing.
5.4.2 Die kosganger kan óf die uitkoms aanvaar, óf appèl aanteken by die voorsitter van die skool se beheerliggaam, wat ’n appèlkomitee sal aanwys bestaande uit drie dienende lede van die beheerliggaam, van wie, waar moontlik, een ’n advokaat of ’n prokureur sal wees. Indien daar geen advokaat of prokureur op die beheerliggaam dien nie, sal die rektor ’n advokaat of prokureur met genoegsame ervaring identifiseer om as die derde lid van die appèlkomitee te dien.

6. DIE INTERNE APPÈLPROSES

6.1 Die kosganger mag appèl aanteken teen die skuldigbevinding sowel as/of teen die strafmaatreël/s (“die uitkoms”), solank daar aanvaarbare gronde vir die appèl bestaan. Die appèl moet gebaseer wees op bewyse dat die dissiplinêre komitee byvoorbeeld nie die voorwaardes van die Gedragskode en/of die beleidsdokumente korrek toegepas het nie; dat hulle ’n feitefout begaan het, of dat die proses nie na behore gevolg is nie.

6.2 Appèlaansoeke moet binne 48 uur van uitreiking van die uitkoms skriftelik aangeteken word by die voorsitter van die skool se beheerliggaam en die redes vir die appèlaansoek moet volledig uiteengesit word (“die appèldokument”).

6.3 Die appèlkomitee moet voorsien word van die notule van die verhoor sowel as van alle bewyse wat by die verhoor voorgelê is.

6.4 Die appèl sal beslis word volgens die aangetekende weergawe van die aanvanklike dissiplinêre verhoor. Die appèlkomitee mag egter, volgens die uitsluitlike en absolute diskresie van die appèlkomitee, verdere inligting aanvra, en/of getuies roep sodat mondelinge getuienis aangehoor kan word.

6.5 Die appèlkomitee sal ’n besluit neem oor die appèl so spoedig as moontlik nadat dit aangeteken is.

6.6 Kosgangers wat geskors is hangende die uitkoms van die dissiplinêre proses sal geskors bly totdat die appèlproses afgehandel is.

6.7 Die uitkoms en dissiplinêre aksie soos bepaal deur die dissiplinêre komitee sal bindend en afdwingbaar wees totdat die appèlproses afgehandel is.

6.8 Die besluit van die appèlkomitee sal finaal wees.

7. AANVAARDING

Hiermee aanvaar die beheerliggaam hierdie beleid.

Vir en namens die PRG-Beheerliggaam:

Naam: _____ Rol: _____

Handtekening: _____ Datum: _____

Vir en namens die koshuiskomitee:

Naam: _____ Rol: _____

Handtekening: _____ Datum: _____

8. Matriks vir kennis van dissiplinêre verhoor

KENNISGEWING VAN DISSIPLINÊRE VERHOOR

Name van kosganger:
_____

Koshuis en graad:
_____

Datum:
_____

1. Jy word hiermee in kennis gestel dat, weens jou skending van die PRG-koshuiskode, ’n dissiplinêre verhoor sal plaasvind op _____ (datum) om _____ (tyd) by _____ (plek) in ooreenstemming met die current Beleid ten opsigte van koshuisdissipline.

Beweerde skending en datum:
_____
_____
_____

2. Jou ouer(s) of voog(de) mag jou verteenwoordig.
3. Sou jy besluit om nie teenwoordig te wees nie, sal die verhoor in jou afwesigheid gehou word.
4. Sou jy besluit om getuies te gebruik, moet jy self reëlings tref vir hulle teenwoordigheid.
5. Sou jy ’n tolk benodig, moet jy die persoon wat hierdie kennisgewing aan jou oorhandig het, in kennis stel.

A. AFSKRIF ONTVANG op die _____ DAG van _____20__ om _____ (TYD)

_____ _____
KOSGANGER OUER/VOOG

B. Hierdie dokument bevestig dat ’n AFSKRIF van HIERDIE KENNISGEWING aan die RELEVANTE KOSGANGER oorhandig is op

DIE_____ DAG van _____20____

_____ _____
GETUIE KOSHUISVADER